



**NASIONALE
SENIORSERTIFIKAAT**

GRAAD 12

SEPTEMBER 2023

GEOGRAFIE V1

PUNTE: 150

TYD: 3 uur

Hierdie vraestel bestaan uit 19 bladsye.

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Hierdie vraestel bestaan uit TWEE AFDELINGS.

AFDELING A:
VRAAG 1: Klimaat en Weer (60)
VRAAG 2: Geomorfologie (60)

AFDELING B:
VRAAG 3: Geografiese Vaardighede en Tegnieke (30)
2. Beantwoord al DRIE vrae.
3. ALLE diagramme is in die VRAESTEL ingesluit.
4. Laat 'n reël oop tussen onderafdelings van vrae wat jy beantwoord.
5. Begin ELKE vraag boaan 'n NUWE bladsy.
6. Nommer die vrae korrek volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.
7. MOENIE in die kantlyn van die ANTWOORDEBOEK skryf nie.
8. Teken volledig benoemde diagramme wanneer dit vereis word.
9. Antwoord in VOLSINNE, behalwe as jy moet noem, benoem, identifiseer of moet lys.
10. Die maateenhede MOET in jou finale antwoord aangedui word, bv. 1 020 hPa, 14 °C en 45 m.
11. Jy mag 'n nieprogrammeerbare sakrekenaar gebruik.
12. Jy mag 'n vergrootglas gebruik.
13. Skryf netjies en leesbaar.

SPESIFIEKE INSTRUKSIES EN INLIGTING VIR AFDELING B

14. 'n 1 : 50 000 topografiese kaart (3224BC GRAAFF-REINET (SUID) en 'n 1 : 10 000 ortofotokaart (3224 BC 1 GRAAFF-REINET) word voorsien.
15. Die gebied wat met ROOI/SWART op die topografiese kaart afgebaken is, stel die gebied voor wat deur die ortofotokaart gedek word.
16. Toon ALLE berekeningse punte sal hiervoor toegeken word.
17. Jy moet die topografiese kaart en die ortofotokaart aan die einde van hierdie eksamensessie by die toesighouer inlewer.


AFDELING A: KLIMAAT EN WEER EN GEOMORFOLOGIE**VRAAG 1: KLIMAAT EN WEER**

1.1 Verskeie opsies word as moontlike antwoorde op die volgende vrae gegee. Kies die antwoord en skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommers (1.1.1 tot 1.1.8) in die ANTWOORDEBOEK neer, byvoorbeeld 1.1.9 D.

1.1.1 'n Sone van konstante druk tussen twee siklone of antisiklone staan as 'n ... bekend.

- A rug
- B trog
- C front
- D saal

1.1.2 'n Noordwestelike wind van 20 knope is sigbaar in ...



1.1.3 Antisiklone word geassosieer met ... weerstoestande en ... van lug.

- (i) onstabiele
- (ii) stabiel
- (iii) divergensie
- (iv) konvergensie

- A (i) en (iii)
- B (i) en (iv)
- C (ii) en (iii)
- D (ii) en (iv)

1.1.4 Bergwinde kom voor wanneer daar 'n ... hoogdrukseel en 'n ... laagdrukseel teenwoordig is.

- (i) Kalahari
- (ii) Indiese
- (iii) hitte-
- (iv) kus-

- A (i) en (iii)
- B (i) en (iv)
- C (ii) en (iii)
- D (ii) en (iv)

1.1.5 Die hoë temperature geassosieer met bergwinde word veroorsaak deur ... verhitting en die droë toestande is as gevolg van lug wat van ... beweeg.

- (i) adiabatiese
- (ii) adveksie
- (iii) land na see
- (iv) see na land

- A (i) en (iii)
- B (i) en (iv)
- C (ii) en (iii)
- D (ii) en (iv)


1.1.6 Die hoë voginhoud wat verantwoordelike is vir die vorming van lynchonderstorms word deur ... -winde verskaf.

- A suidweste
- B noordweste
- C noordooste
- D suidooste

1.1.7 Lynchonderstorms word met die volgende weerstoestande geassosieer:

- A stortreën; sneeu
- B orkaanwinde; hael
- C stortreën; rukwinde
- D ligte reën; donderweer

- 1.1.8 Die kuslaag op die kaart hieronder sal eers in 'n ... rigting en dan in 'n ... rigting beweeg.



[Bron: Eksaminator se eie skets]


- (i) westelike
- (ii) oostelike
- (iii) noordwestelike
- (iv) noordoostelike

- A (i) en (iii)
- B (i) en (iv)
- C (ii) en (iii)
- D (ii) en (iv)

(8 x 1) (8)

- 1.2 Die volgende vrae is op plaaslike klimaat gebaseer. Kies die korrekte woord(e) uit die wat tussen hakies verskaf word. Skryf slegs woord(e) langs die vraagnommers (1.2.1 tot 1.2.7) in die ANTWOORDEBOEK neer.

Verwys na die onderstaande skets om VRAAG 1.2.1 tot 1.2.4 te beantwoord.



[Aangepas uit online.htsendsen.co.za]

- 1.2.1 Die wind in die skets is 'n (anabatiese/katabatiese) wind.
- 1.2.2 Helling (A/B) sal die warmer helling wees.
- 1.2.3 (Perskes/Lemoene) sal op die valleivloer geplant word.
- 1.2.4 Die inversie ontwikkel as gevolg van die verplasing van (warme/koue) lug.

Verwys na die onderstaande foto wat op stedelike klimaat gebaseer is om VRAE 1.2.5 tot 1.2.7 te beantwoord.




[Bron: alarmy.co.za]

- 1.2.5 Die studie van klimaat in 'n stad staan as (makro/mikro) klimaat bekend.
- 1.2.6 'n (Besoedelingskoepel/Hitte-eiland) ontstaan wanneer daar 'n versameling van roet, stof en rook oor die stad voorkom.
- 1.2.7 (Kunsmatige oppervlaktes/Stedelike aktiwiteite) is die faktor wat bydrae tot hoër temperature oor die stad in die onderstaande foto.

(7 x 1) (7)

1.3 Verwys na die onderstaande infografika oor middelbreedtesiklone.



1.3.1 Volgens die infografika, in watter rigting beweeg die middlebreedtesikloon? (1 x 1) (1)

1.3.2 Waarom ontwikkel cumulonimbuswolke voor die kouefront? (1 x 2) (2)

1.3.3 Waarom verskil die tipe reënval by **B** van die reënval by **A**? (1 x 2) (2)

Verwys na die weerkaart.

1.3.4 Gee 'n bewys dat 'n warmfront okklusie ontwikkel het. (1 x 1) (1)


1.3.5 Hoe het die warmfront okklusie ontwikkel? (2 x 2) (4)

Verwys na die uittreksel.

1.3.6 Noem EEN element van weer wat volgens die uittreksel met 'n koue front geassosieer word. (1 x 1) (1)

1.3.7 Verduidelik hoe die weerstoestande wat verband hou met 'n middelbreedtesikloon die inwoners in die informele nedersettings negatief sal beïnvloed. (2 x 2) (4)

- 1.4 Verwys na die skets hieronder wat die pad van tropiese sikloon Freddy toon.




[Bron: Snow Report SA Facebook page]

- 1.4.1 Hoeveel tropiese siklone het voor FREDDY ontwikkel? (1 x 1) (1)
- 1.4.2 In watter land het FREDDY die eerste keer land bereik? (1 x 1) (1)
- 1.4.3 Gee 'n rede vir jou antwoord op VRAAG 1.4.2. (1 x 1) (1)
- 1.4.4 Waarom het FREDDY tussen die 22^{ste} en die 23^{ste} versterk? (2 x 2) (4)

Verwys na X op die satellietbeeld.

- 1.4.5 Noem X soos op die satellietbeeld aangedui. (1 x 1) (1)
- 1.4.6 Noem EEN weerstoestand van X. (1 x 1) (1)
- 1.4.7 Beskryf die rede vir die weerstoestand wat in VRAAG 1.4.6 genoem word. (1 x 2) (2)
- 1.4.8 Hoe sal die weer rondom X die kus biodiversiteit van Mosambiek negatief beïnvloed? (2 x 2) (4)

1.5 Verwys na faktore wat die weer oor Suid-Afrika in die winter beïnvloed.



[Bron: Eksaminator se sketse]

- 1.5.1 Identifiseer die TWEE faktore in skets **A** wat die weer van Suid-Afrika beïnvloed. (2 x 1) (2)
- 1.5.2 Hoe beïnvloed die posisie van die Suid-Atlantiese HD die weer van die weskus van Suid-Afrika in die winter? (2 x 1) (2)
- 1.5.3 Waarom is die Kalahari HD oorheersend oor die land in die winter? (1 x 1) (1)
- 1.5.4 Hoe beïnvloed die dominante Kalahari-hoogdrukkel die teenwoordigheid van die inversielaag in skets **B**? (1 x 2) (2)
- 1.5.5 In 'n paragraaf van ongeveer AGT reëls verduidelik hoe die posisie van die inversielaag in die winter wolklose en stabiele weerstoestande oor die binneland van die land sal meebring. (4 x 2) (8)

[60]

VRAAG 2: GEOMORFOLOGIE


- 2.1 Voltooi die stellings in KOLOM A met die opsies in KOLOM B. Skryf slegs **Y** of **Z** langs die vraagnommers (2.1.1 tot 2.1.8) in die ANTWOORDEBOEK neer, byvoorbeeld 2.1.9 Y.

KOLOM A		KOLOM B	
2.1.1	Riviere wat slegs na swaar reënval in droë gebiede vloei	Y	seisoenaal
		Z	episodies
2.1.2	Sytakke wat teen skerp hoeke aansluit	Y	dendrities
		Z	reghoekig
2.1.3	Faktore wat hoër dreineringsdigtheid beïnvloed	Y	geleidelike helling; digte plantegroei
		Z	steil helling; min plantegroei
2.1.4	'n Fluviale landvorm wat by die punt waar die rivier die see binnevloei vorm	Y	delta
		Z	gevlegde stroom
2.1.5	Sy-aansig van 'n rivier van bron tot mond	Y	dwarsprofiel
		Z	lengteprofiel
2.1.6	'n Verskynsel wat met verjonging verband hou	Y	windsaal
		Z	gepaarde terrasse
2.1.7	Daar is watervalle en damme langs die loop van die rivierprofiel	Y	gegradeerd
		Z	ongegradeerd
2.1.8	Proses waar die waterskeiding van posisie verander	Y	abstraksie
		Z	verjonging

(8 x 1)

(8)


- 2.2 Verwys na die skets van 'n kronkel. Kies die korrekte woord/letter uit daardie wat tussen hakies verskaf word. Skryf slegs woord/letter langs die vraagnommers (2.2.1 tot 2.2.7) in die ANTWOORDEBOEK neer.



[Bron: www.google.com]

- 2.2.1 Kronkels vorm gewoonlik in die (bo-/benede-) loop van die rivier.
- 2.2.2 Neerlating/Afsetting kom by (**A/B**) voor.
- 2.2.3 Riviervloei is vinnig by (**A/B**).
- 2.2.4 Die rivierkrans sal waarskynlik by (**A/B**) voorkom.
- 2.2.5 **B** word die (gly-oewer/stoot-oewer) genoem.
- 2.2.6 Die kronkellus by **A** sal waarskynlik tot 'n (vloedvlakte/hoefystermeer) ontwikkel.
- 2.2.7 'n Kanovaarder (persoon wat 'n boot roei) sal waarskynlik die oewer by (**A/B**) verkies. (7 x 1) (7)


2.3 Verwys na die skets oor watervalle en stroomversnellings.



[Bron: cfdsupport.com]

- | | | | |
|-------|--|---------|-----|
| 2.3.1 | Noem die stadium van die rivier waarin watervalle en stroomversnellings vorm. | (1 x 1) | (1) |
| 2.3.2 | Identifiseer die tipe vloei by A in die skets. | (1 x 1) | (1) |
| 2.3.3 | Hoe beïnvloed gradiënt die tipe vloei (jou antwoord op VRAAG 2.3.2)? | (1 x 1) | (1) |
| 2.3.4 | Hoe sal minder weerstandbiedende rotslae (sagte rotse) en meer weerstandbiedende rotslae (harde rotse) tot die vorming van watervalle lei. | (2 x 2) | (4) |
| 2.3.5 | Verduidelik hoe die waterval uiteindelik mettertyd stroomop sal terugtrek. | (2 x 2) | (4) |
| 2.3.6 | Watter impak sal watervalle en stroomversnellings op infrastruktuurontwikkeling langs die rivier hê? | (2 x 2) | (4) |

2.4 Verwys na die skets oor stroomroof.



[Aangepas uit https://en.wikipedia.org/wiki/Stream_capture]

- | | | | |
|-------|---|---------|-----|
| 2.4.1 | Definieer <i>stroomroof</i> . | (1 x 2) | (2) |
| 2.4.2 | Hoe veroorsaak gradiënt in skets X (verlede) stroomroof? | (1 x 1) | (1) |
| 2.4.3 | Identifiseer die strome by A en B in skets Y nadat stroomroof plaasgevind het. | (2 x 1) | (2) |
| 2.4.4 | Hoe sal die fisiese (natuurlike) omgewing deur die stroom by B negatief beïnvloed word? | (2 x 2) | (4) |
| 2.4.5 | Verduidelik die fisiese (natuurlike) veranderinge wat stroom A sal ondergaan nadat stroomroof plaasgevind het. | (3 x 2) | (6) |

2.5 Verwys na die uittreksel oor opvanggebied en rivierbestuur.

RIOOLBESOEDELING IN DIE NOORD-KAAP MAAK DIE PROVINSIE SE LEWENSBESTAAN DOOD – DIE ORANJERIVIER

'n Noord-Kaapse nie-regeringsorganisasie (NRO) het strafregtelike klagtes teen die munisipale bestuurders van 11 dorpe in agt munisipaliteite ingedien oor “ongebreidelde” (wydverspreide) rioolbesoedeling wat landbou-uitvoer bedreig, die gehalte van drinkwater in die provinsie en die gesondheid en lewensbestaan van die dorpe se inwoners.

“Die enigste lewegewende krag van die hele provinsie is die Oranjerivier en dit word besmet (besoedel) met riool,” sê Fritz Bekker, een van die stigters van *Gariëp Watch*. Omgewingsmonitering deur *Gariëp Watch* is sedert 2017 aan die gang. Dit bestuur die enigste chemiese, bakteriologiese en biologiese watergehalte databasis aan die benede Vaal- en Oranjerivier.

Daar is 'n uitvoerbedryf van R10 miljard stroomaf van hierdie munisipaliteite, wat 'n risiko vir die uitvoerbedryf inhou, waarvan die belangrikste gewasse tafeldruie en rosyne is. “Dit is nie net die probleem met die uitvoerbedryf nie, dit is ook werksgeleenthede wat verlore gaan,” het hy bygevoeg.

[Aangepas uit en artikel deur Sheree Benga in die *Daily Maverick*]


- | | | | |
|-------|--|---------|-------------|
| 2.5.1 | Volgens die Noord-Kaapse NRO, watter tipe besoedeling raak 11 dorpe? | (1 x 1) | (1) |
| 2.5.2 | Noem die primêre ekonomiese aktiwiteit wat in die artikel genoem word wat direk deur hierdie tipe besoedeling bedreig word (genoem in VRAAG 2.5.1). | (1 x 1) | (1) |
| 2.5.3 | Waarom is die Oranjerivier 'n lewegewende krag vir die ekonomiese aktiwiteit wat in VRAAG 2.5.2 genoem word? | (1 x 1) | (1) |
| 2.5.4 | Hoekom is rivierbestuur so belangrik in die benede Vaal- en Oranjeriviere? | (2 x 1) | (2) |
| 2.5.5 | Noem die ekonomiese impak van swak rivierbestuur in die benede-loop van die Vaal- en Oranjerivier? | (1 x 2) | (2) |
| 2.5.6 | In 'n paragraaf van ongeveer AGT reëls stel volhoubare strategieë voor wat geïmplementeer kan word om die gehalte van water in die benede Vaal- en Oranjerivier te handhaaf. | (4 x 2) | (8) |
| | | | [60] |

TOTAAL AFDELING A 120

AFDELING B

VRAAG 3: GEOGRAFIESE VAARDIGHEID EN TEGNIEKE

ALGEMENE INLIGTING OOR GRAAFF-REINET



Koördinate: [32°15'08"S 24°32'26"O](#)

Graaff-Reinet, die hart van die “Groot Karoo” word deur die Camdeboo Nasionale Park omring in die Oos-Kaap provinsie van Suid-Afrika.

Die Sneeuberg bergreeks omring die dorp. Die dorp lê in die hoefysterdraai van die Sondagsrivier en spog met meer geproklameerde nasionale monumente as enige ander Suid-Afrikaanse dorp.

In Graaff-Reinet is die somers warm; die winters is kort, koud, droog en winderig; en dit is meestal wolkloos die hele jaar deur. In die loop van die jaar wissel die temperatuur gewoonlik van 5 °C tot 33 °C.

Reënval in Graaff-Reinet is seisoenaal. Die maand met die meeste reën is Februarie, met 'n gemiddelde reënval van 53 mm en die minste reënval is in Julie, met 'n gemiddelde reënval van 13 mm.

[Aangepas uit <https://en.wikipedia.org/wiki/Graaff-Reinet>]

Die volgende Engelse term en hul vertalings word op die topografiese kaart aangetref:

ENGLISH

Canal
Furrow
Golf course
Weir

AFRIKAANS

Kanaal
Voor
Gholfbaan
Studam

3.1 KAARTWERKVAARDIGHEDE EN BEWERKINGS

3.1.1 Die totale jaarlikse verandering van die magnetiese deklinasie in 2023 is ... wes van die ware noorde.

- A 1°07'
- B 25°07'
- C 1°38'
- D 26°45'

(1 x 1) (1)


3.1.2 Die onderstaande indeksvelle (kaartverwysings) dui die ligging van die huidige kaart van 3224BC Graaff-Reinet (geskakeer), binne die 32° tot 33° suid breedtegraad en 24° tot 25° lengtegraad aan.

	24°15'	24°30'	24°45'	25°00'
32°00'	AB	BA	BB	
32°15'	AD	GRAAFF- REINET BC	BD	
32°30'	CB	DA	DB	
32°45'				

- (a) Gee die indeksvel (kaartverwysing) van die kaart suidoos van die huidige kaart. (1 x 1) (1)
- (b) Verskaf die ruitverwysing (grade (°) en minute (')) van 3324BC GRAAFF-REINET. (2 x 1) (2)

3.1.3 Bereken die reguitlynafstand (in meter) van die hoofverkeerpas (R63) vanaf **F** (blok C4) tot **G** (blok D4). Toon ALLE berekeninge. Punte sal vir berekeninge toegeken word. (2 x 1) (2)

- 3.1.4 Verwys na die dwarsprofile hieronder wat op die ortofotokaart aangetref word.



- (a) Watter dwarsprofiel verteenwoordig 1 tot 2 op die ortofotokaart? (1 x 1) (1)
- (b) Bepaal die vertikale vergroting (VV) van die dwarsprofiel, indien die vertikale skaal (VS) 1 : 2 000 is. Toon ALLE berekeninge. Punte sal vir berekeninge toegeken word.

$$\text{Formule: } \frac{VS}{HS}$$

(3 x 1) (3)

3.2 KAARTINTERPRETASIE

- 3.2.1 Die bewyse op die topografiese kaart wat die stelling ondersteun dat reënval seisoenaal in Graaff-Reinet is, is ... en ...

- (i) gronderosie
- (ii) vore
- (iii) nie-standhoudende riviere
- (iv) standhoudende riviere

- A (i) en (iii)
- B (i) en (iv)
- C (ii) en (iii)
- D (ii) en (iv)

(1 x 1) (1)

3.2.2 Die hoogliggende gebied **H** in blok **B5**, op die topografiese kaart, is 'n ... want dit skei ... van mekaar.

- (i) waterskeiding
- (ii) interfluviale skeiding
- (iii) sytakke
- (iv) dreineringsbekkens

A (i) en (iii)

B (i) en (iv)

C (ii) en (iii)

D (iii) en (iv)

(1 x 1) (1)

3.2.3 Verwys na die vallei by **J** in blokke **B4/B5**.

(a) Watter helling (**X** of **Y**) is warmer? (1 x 1) (1)

(b) Gee rede vir jou keuse by VRAAG 3.2.3(a). (1 x 2) (2)

(c) Hoe veroorsaak die hellings katabatiese winde gedurende die nag in die vallei? (1 x 2) (2)

3.2.4 Verwys na helling **3** op die ortofotokaart.

(a) Noem helling **3** van die 'hoefysterdraai' (meander) van die Sondagsrivier. (1 x 1) (1)

(b) Verduidelik die fluviale proses wat by helling **3** oorheers. (1 x 2) (2)

3.2.5 Verwys na die topografiese kaart.

(a) Identifiseer die dominante dreineringspatroon in blokke **B1/2** en **C1/2**. (1 x 1) (1)

(b) Waarom het die patroon (antwoord op VRAAG 3.2.5(a)) in die gebied ontwikkel? (1 x 1) (1)

3.3 GEOGRAFIESE INLIGTINGSTELSELS (GIS)

Verwys na area **4**, op die ortofotokaart, wat gebuffer is.

3.3.1 Wat is 'n *buffersone/area*? (1 x 2) (2)

3.3.2 Noem die tipe vektordata wat gebruik is om die rivier te buffer, aangedui met letter **4**. (1 x 1) (1)


3.3.3 Wat is die omgewingsbelang om die buffersone aangedui met letter **4** te hê? (1 x 2) (2)

Verwys na die omsingelde gebied L op die topografiese kaart.

3.3.4 Die omsingelde gebied L ervaar 'n veldbrand en die owerhede gebruik afstandwaarneming om die veldbrand te help bestuur.

- (a) Noem EEN komponent van GIS wat gebruik word om inligting oor die veldbrand in te samel. (1 x 1) (1)
 - (b) Hoe sal afstandswaarneming die owerhede help om die veldbrand in die omsingelde gebied te bestuur? (1 x 2) (2)
- [30]**


TOTAAL AFDELING B: 30
GROOTTOTAAL: 150



Mean magnetic declination 25°07' West of True North (February 2009).
Mean annual change 7' westwards (Feb. 2009 - Jan. 2010).

REFERENCE

National Freeway; National Route	International Boundary and Beacon	Fence; Wall	Windpump; Monument
Arterial Route	Provincial Boundary	Communication Tower	Mine Dump; Excavation
Main Road	Protected Area	Trigonometrical Station; Marine Beacon	Lighthouse and Marine Light
Secondary Road; Bench Mark	Perennial River	Cemetery; Grave	Erosion; Sand
Other Road; Bridge	Non-perennial River	Woodland	Cultivated Land
Track and Hiking Trail	Non-Perennial Water	Orchard or Vineyard	Recreation Ground
Railway; Station or Siding	Dry Water Course	Row of Trees	Original Farms
Other Railway; Tunnel	Marsh and Vlet		
Embankment; Cutting	Pipeline (above ground)		
Power Line	Water Tower; Reservoir; Water Point		
Built-up Area (High, Low Density)	Coastal Rocks		
Buildings; Ruin	Prominent Rock Outcrop		
Post Office; Police Station; Store			
Place of Worship; School; Hotel			



1:10000 KONTOERTUSSEN RUIMTE 5 METER

VERKLARING

Nasionale Deurpad; Nasionale Roete	Internasionale Grens en Baken	Draadheining; Muur
Hoofverkeersroete	Provinsiale Grens	Windpomp; Monument
Hoofpad	Bewarings Gebied	Kommunikasietoring
Sekondêre Pad; Hoogtemerk	Standhoudende Rivier	Mynhoop; Uitgraving
Ander Pad; Brug	Standhoudende Water	Peilbaken; Seevaartbaken
Dowwe Pad en Voetslaanpad	Nie-standhoudende Rivier	Vuurtoring en Seevaartig
Spoorweg; Stasie of Syllyn	Nie-standhoudende Water	Begraafplaas; Graf
Ander Spoorweg; Tonneel	Droë Loop	Erosie; Sand
Opvulling; Deurgrawing	Droë Pan	Beboste Gebied
Kraglyn	Moeras en Vlei	Bewerkte Land
Beboude Gebied (Hoë, Laë Digtheid)	Pylylyn (bo die grond)	Boord of Wingerd
Geboue; Mursasie	Watertoring; Reservoir; Waterpunt	Ontspanningsterrein
Poskantoor; Polisiestasie; Winkel	Kuslynroete	Rye Boma
Plek van Aanbidding; Skool; Hotel	Prominente Klipbank	Oorspronklike Plaas



**NASIONALE
SENIORSERTIFIKAAT**

GRAAD 12

SEPTEMBER 2023

**GEOGRAFIE V1
NASIENRIGLYN**

PUNTE: 150

Hierdie nasienriglyn bestaan uit 9 bladsye.

AFDELING A: KLIMAAT EN WEER EN GEOMORFOLOGIE**VRAAG 1: KLIMAAT EN WEER**

1.1	1.1.1	D (1)		
	1.1.2	A (1)		
	1.1.3	C (1)		
	1.1.4	B (1)		
	1.1.5	A (1)		
	1.1.6	C (1)		
	1.1.7	C (1)		
	1.1.8	D (1)	(8 x 1)	(8)
1.2	1.2.1	katabaties (1)		
	1.2.2	B (1)		
	1.2.3	Lemoene (1)		
	1.2.4	warm (1)		
	1.2.5	mikro (1)		
	1.2.6	besoedelingskoepel (1)		
	1.2.7	Kunsmatige oppervlakte (1)	(7 x 1)	(7)
1.3	1.3.1	wes na oos/ooswaarts (1)	(1 x 1)	(1)
	1.3.2	Warm lug styg skerp langs die steil kouefront (2) Intense opheffing van lug langs die koue front (2) [ENIGE EEN]	(1 x 2)	(2)
	1.3.3	Daar is 'n geleidelike gradiënt by B wat tot die vorming van stratuswolke en dus ligter reën lei (2) Cumulonimbuswolke veroorsaak swaar reënval en stratuswolke sagte, deurdringende of ligte reën (2) [ENIGE EEN]	(1 x 2)	(2)
	1.3.4	Die warmfront simbool by die apeks (1)	(1 x 1)	(1)

- 1.3.5 Die koudste lug word voor die warm front gevind (2)
Koue lug word langs die warm front opgehef (2) (2 x 2) (4)
- 1.3.6 Reën (1)
Temperatuur (1)
Winde (1)
[ENIGE EEN] (1 x 1) (1)
- 1.3.7 Swaar reën sal oorstromings van huise tot gevolg hê (2)
Swaar reën sal paaie wegspoel (2)
Swaar reënval sal veroorsaak dat informele nedersettings ontoeganklik/afgesny word (2)
Lae temperature sal veroorsaak dat inwoners siek word (2)
Stormsterk winde sal informele strukture vernietig/beskadig (2)
[ENIGE TWEE] (2 x 2) (4)
- 1.4 1.4.1 5 (1) (1 x 1) (1)
- 1.4.2 Madagaskar (1) (1 x 1) (1)
- 1.4.3 Freddy beweeg in 'n oostelike rigting (1)
Freddy beweeg van wes na oos (1)
Eerste land in die oostelike tot westelike pad van Freddy (1)
[ENIGE EEN] (1 x 1) (1)
- 1.4.4 Dit het warmer water bereik nadat dit oor die land beweeg het (2)
Hoër temperature en verdamping het die stelsel energie gegee (2)
Geen wrywing meer oor warmer waters nie (2)
Toename in latente hitte (2)
[ENIGE TWEE] (2 x 2) (4)
- 1.4.5 Oog (1) (1 x 1) (1)
- 1.4.6 Helder lug (1)
Hoër temperature (1)
Geen/baie min wind (1)
Geen neerslag (1)
[ENIGE EEN] (1 x 1) (1)
- 1.4.7 Dalende lug veroorsaak wolklose toestande (2)
Verhitting van dalende lug veroorsaak hoër temperature (2)
Swak drukgradiënt lei tot geen/baie min wind (2)
Vogverlies as gevolg van dalende lug veroorsaak geen reënval nie (2)
[ENIGE EEN WAT VERBAND HOU MET DIE BETROKKE WEERSTOESTAND BY VRAAG 1.4.6] (1 x 2) (2)
- 1.4.8 Sandduine sal weggewaai word (2)
Erosie van die kuslyn sal toeneem (2)
Fauna en flora sal vernietig word (2)
Habitat en voedselkettings sal versteur word (2)
Die soutgehalte van die mariene ekosisteem sal verlaag word (2)
Die vernietiging van die infrastruktuur sal die water besoedel (2)
[ENIGE TWEE] (2 x 2) (4)

- 1.5 1.5.1 Anti-siklone (Aanvaar EEN voorbeeld uit die skets) (1)
 Seestrome (Aanvaar EEN voorbeeld uit die skets) (1)
 Plato (Aanvaar platorand) (1)
[ENIGE TWEE] (2 x 1) (2)
- 1.5.2 Anti-sikloniese beweging sal die land met koeler lug voed (1)
 Dit sou siklone in die middelbreedte oor Kaapstad laat beweeg (1)
 Daar sal swaar reën, lae temperature, sterk winde en lae humiditeit
 in Kaapstad wees (1)
[ENIGE TWEE] (2 x 1) (2)
- 1.5.3 Dit is deel van die subtropiese anti-sikloniese stelsel wat van posisie
 verander met die rewolusie van die aarde (1)
 Swakker konveksiestrome op die oppervlak om die dalende van die
 Kalahari hoog opwaarts te dwing (1)
[ENIGE EEN] (1 x 1) (1)
- 1.5.4 Sterker dalende lug verhit adiabaties langs die eskarp af, wat hoër
 temperature hoër in die atmosfeer veroorsaak (2) (1 x 2) (2)
- 1.5.5 Daar is sterk daling van lug op die plato (2)
 Die lug verhit adiabaties (2)
 'n Inversielaag vorm onder die plato (2)
 Vogtige lug vanaf die warm Mosambiekse seestroom vanaf die Suid-
 Indiese hoog beweeg na die plato (2)
 Die vogtige lug kan nie die binneland van die land bereik nie as
 gevolg van die posisie van die inversielaag (2)
 Daar is min wolkvorming en dus min reënval in die winter (2)
[ENIGE VIER] (4 x 2) (8)
[60]

VRAAG 2: GEOMORFOLOGIE

2.1	2.1.1	Z (1)		
	2.1.2	Y (1)		
	2.1.3	Z (1)		
	2.1.4	Y (1)		
	2.1.5	Z (1)		
	2.1.6	Z (1)		
	2.1.7	Z (1)		
	2.1.8	Y (1)	(8 x 1)	(8)
2.2	2.2.1	benede (1)		
	2.2.2	B (1)		
	2.2.3	A (1)		
	2.2.4	A (1)		
	2.2.5	gly-oewer (1)		
	2.2.6	hoefystermeer (1)		
	2.2.7	A (1)	(7 x 1)	(7)
2.3	2.3.1	Bo (1)	(1 x 1)	(1)
	2.3.2	Turbulent (1)	(1 x 1)	(1)
	2.3.3	Steiler gradiënt in die bloop veroorsaak dat water tuimel- en sirkelvormig beweeg (1)	(1 x 1)	(1)
	2.3.4	Weerstandige rots lê óf vertikale, horisontale óf gekantel stroom-op (2) Sagter rots onder die harder rotse (2) Lae van meer weerstandbiedende strata (harde rots) neem langer om te erodeer as lae van minder weerstandige strata (sagte rots) (2) Insnyding aan die basis van die harder weerstandbiedende rots (2) Daar is 'n skielike daling in hoogte (watervalle) (2) [ENIGE TWEE]	(2 x 2)	(4)

- 2.3.5 Erosie (onderkelwing) vind plaas aan die voet van die waterval wat 'n plonsoel skep (2)
 Sagter rots daaronder word verwyder en vorm 'n knakpunt (2)
 Die harder oorhangende rots sal onder swaartekrag ineenstort, wat veroorsaak dat die waterval stroomop terugtrek (2)
[ENIGE TWEE] (2 x 2) (4)
- 2.3.6 Dit is navigasiegevaar (2)
 Brûe sal oor hierdie fluviale landvorme gebou moes word (2)
 Hierdie brûe sal óf 'n pad óf spoorlyn moet insluit (2)
 Turbines vir die opwekking van hidroëlektrisiteit moet aan die basis van hierdie landvorme gebou word (2)
 Kleiner damme kan naby die basis van die vallende water gebou word (2)
[ENIGE TWEE] (2 x 2) (4)
- 2.4 2.4.1 Proses waardeur een rivier die bolope van 'n ander rivier beroof (2)
[KONSEP] (1 x 2) (2)
- 2.4.2 Die rivier wat teen die steiler kant van die waterskeiding afvloei, erodeer vinniger omdat dit meer energie het (1)
 (1 x 1) (1)
- 2.4.3 A – rowerstroom (1)
 B – verarmde stroom (1)
 (2 x 1) (2)
- 2.4.4 Ekosisteme sou vernietig word (2)
 Biodiversiteit sal afneem (2)
 Gronderosie sal algemeen voorkom (2)
 Estetiese skoonheid sal verminder word (2)
 Grootte van dreineringsbekken sal afneem (2)
 Verhoogde afsetting aan die oewer van die rivier (2)
[ENIGE TWEE] (2 x 2) (4)
- 2.4.5 Volume water sal toeneem (2)
 Snelheid van die rivier sal toeneem (2)
 Verhoogde energie sal meer erosie tot gevolg hê (2)
 Rivierverjonging kan voorkom (2)
 Die grootte van die dreineringsbekken neem toe (2)
[ENIGE DRIE] (3 x 2) (6)

2.5	2.5.1	Riool (1)	(1 x 1)	(1)
	2.5.2	Landbou (1)	(1 x 1)	(1)
	2.5.3	Dit verskaf water vir landbougewasse (1)	(1 x 1)	(1)
	2.5.4	Dit is die gebied waar die meeste nedersettings geleë is (1) Die meeste menslike aktiwiteite vind hier plaas (1) Dit is waar die meeste rou riool in die rivier invloei (1) Onbehandelde riool sal 'n gesondheidsgevaar skep (1) Damme word in die benedeloop gebou en onbehandelde riool vloei in die damme in (1) [ENIGE TWEE]	(2 x 1)	(2)
	2.5.5	Daar sal 'n afname in landbouproduksie wees (2) Minder produkte beskikbaar vir uitvoere (2) Meer produkte sal ingevoer moet word (2) Verlies aan werksgeleenthede (2) Koopkrag neem af – vermenigvuldiger-effek (2) [ENIGE EEN]	(1 x 2)	(2)
	2.5.6	Verbeter rioolwerke om 'n funksionele rioolnetwerk te verseker (2) Wetgewing is nodig om te beheer wat in riviere ontslaan word (2) Publiek moet bewusgemaak/opgevoed word oor die belangrikheid van waterbesparing (2) Konstruksie en nedersettings op die opvangsgebied moet vermy word (2) Konstante toetsing om die toestand van die rivier te monitor (2) Buffersones om die riviere (2) Boetes moet ingestel moet word vir diegene wat die wet oortree (2) [ENIGE VIER]	(4 x 2)	(8)
				[60]

TOTAAL AFDELING A: 120

VRAAG 3: GEOGRAFIESE VAARDIGHEID EN TEGNIEKE

3.1 3.1.1 C (1°38') (1) (1 x 1) (1)

3.1.2 (a) 3224 DB (1) (1 x 1) (1)

(b) 32°15'S (1); 24°30'O (1)

OF

32°15'-30'S (1); 24°30'-45'O (1) (2 x 1) (2)

3.1.3 34 (1) cm x 500 = 2 000 m (1) (2 x 1) (2)
[Speling 3,9 – 4,1 cm x 500 = 1 950 – 2050]

3.1.4 (a) B (1) (1 x 1) (1)

(b)
$$\frac{\frac{1}{2\,000}}{\frac{1}{10\,000}} \text{ Vervanging}$$

$$\frac{1}{2\,000} \times \frac{10\,000}{1} (1) \text{ Omskakeling}$$

5 keer (1) (3 x 1) (3)

3.2 KAARTINTERPRETASIE

3.2.1 C (1) (1 x 1) (1)

3.2.2 B (1) (1 x 1) (1)

3.2.3 (a) Y (1) (1 x 1) (1)

(b) Dit is die helling wat noord wys (2)
Ontvang direkte sonstrale (2)
Helling X is in die skadusone (2)
[ENIGE EEN] (1 x 2) (2)

(c) Hellings koel af en veroorsaak dat lug in kontak daarmee afkoel
en die kouer lug dreineer teen die hange af (2)
Koel lug vanaf die hellings daal onder die invloed van
swaartekrag (2)
[ENIGE EEN] (1 x 2) (2)

- 3.2.4 (a) Stoot-oewer (1)
 Buite oewer (1)
[ENIGE EEN] (1 x 1) (1)
- (b) Die vinniger vloeiende water by die buite oewer, erosie vind plaas (2) (1 x 2) (2)
- 3.2.5 (a) Radiaal (1) (1 x 1) (1)
- (b) Strome/riviere vloei in alle rigtings vanaf Spandaukop, wat die sentrale punt is waaruit riviere straal (1) (1 x 1) (1)

3.3 GEOGRAFIESE INLIGTINGSTELSELS (GIS)

- 3.3.1 Afgebakende grondgebied aangewys vir omgewingsbeskerming (2)
[KONSEP] (1 x 2) (2)
- 3.3.2 Poligoon (1) (1 x 1) (1)
- 3.3.3 Dit sal die waterkwaliteit beskerm (2)
 Dit verhoed storting/besoedeling van die rivier (2)
 Bewaar die bio-diversiteit / ekosisteem / habitat van die rivier (2)
 Dit sal erosie verminder (2)
[ENIGE EEN] (1 x 2) (2)
- 3.3.4 (a) Hardeware (1)
 Sagteware (1)
 Mense (1)
[ENIGE EEN] (1 x 1) (1)
- (b) Kan inligting versamel sonder om fisies teenwoordig te wees (2)
 Inligting is onmiddellik beskikbaar vir nooddienste (2)
[ENIGE EEN] (1 x 2) (2)
[30]

TOTAAL AFDELING B: 30
GROOTTOTAAL: 150